

VERSLAG EN AANBEVELINGS VAN DIE HULPKOMITEE
VAN ONDERSOEK NA DIE VERHOUDINGS TUSSEN DIE REGERING, PRO-
VINSIALE EN PLAASLIKE BESTURE OP DIE GE-
BIED VAN FISIESE BEPLANNING

I N H O U D S O P G A W E

		<u>Bladsy</u>
A.	Geskiedkundige Agtergrond	1
B.	Die opdrag aan die Komitee	10
C.	Onderliggende Doel, Beginsels en Funksies van Fisiese Beplanning	11
D.	Aanbevelings	13
	4.2 Beplanning deur die Sentrale Regering	14
	4.3 Beplanning deur Provinsiale Owerheid	21
	4.4 Beplanning saam met Plaaslike Owerheid	24
E.	Algemene Aanbevelings oor Onderliggende Be- ginsels van Fisiese Beplanning op alle Vlakke	27
	Lede van die Komitee	33
	<u>Bylae 1</u>	
	Opdrag aan die Hulpkomitee belas met die Ondersoek na die Verhoudings tussen die Regering, Provinsiale en Plaas- like Besture op die Gebied van Fisiese Beplanning.	34
	<u>Bylae 2</u>	
	Skematiese voorstelling van die voorgestelde Nasionale Beplanningsorganisasie.	37
	<u>Bylae 3</u>	
	Skematiese voorstelling van die voorgestelde Provinsiale Beplanningsorganisasie.	38
	<u>Bylae 4</u>	
	Aanbeveling van Beplanningsadviesraad.	39

VERSLAG EN AANBEVELINGS VAN DIE HULPKOMITEE VAN
ONDERSOEK NA DIE VERHOUDINGS TUSSEN DIE REGERING,
PROVINSIALE EN PLAASLIKE BESTURE OP DIE GEBIED VAN
FISIESE BEPLANNING

A. GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND

1.1 Een van die vernaamste funksies wat in die gesagsverdeling volgens die Grondwet toegesê word aan die Provinsiale Owerhede is om binne hulle onderskeie provinsies die nodige reëlings te tref vir die instelling van en die beheer oor plaaslike (munisipale) owerhede.

1.2 Die fisiese beplanning van 'n munisipale gebied in sy twee belangrikste fasette naamlik die voortdurende herbepanning en aanpassing van grondgebruik in bestaande dorpsgebiede en die beheer en toesig oor die uitlê van nuwe dorpsgebiede, is van die begin af tereg beskou as 'n integrerende deel van munisipale regering.

1.3 Al die provinsiale wetgewende liggame het met verloop van tyd ordonnansies uitgevaardig wat die daarstelling, demokratiese samestelling, ~~daaglikse werkverrigting~~ en die beheer oor hierdie sake deur die Administrateur en Uitvoerende Komitee volledig bepaal en uiteensit. So het in elke provinsie 'n eie plaaslike bestuurstelsel ontstaan wat in belangrike opsigte ooreenstem met mekaar, maar hier-en-daar ook interessante verskille bevat.

1.4 Net so het elke provinsie ook, in navolging van die korrekte begrip dat stadsaanleg-, stadsheruitleg en beplanning van nuwe dorpe in 'n munisipale gebied 'n integrerende deel van munisipale regering is, ordonnansies uitgevaardig wat handel oor dorpsbeplannings-

aangeleenthede. Hierdie wetgewing het ook, soos in die geval van ander plaaslike bestuursaangeleenthede, duidelike voorskrifte bevat van die wyse waarop die provinsiale wetgewende liggaam wou hê dat dorpsbeplanning deur die munisipale owerhede uitgevoer moet word en het dan ook die maatreëls bevat waarvolgens die Administrateur-in-Uitvoerende-Komitee algemene beheer en toesig sou uitoefen oor die optrede en werksaamhede van die munisipale owerhede.

1.5 Hoewel daar in elke provinsie volgens die plaaslike bestuurstelsel wat daar geld, in die algemeen in 'n vroeë stadium van verstedeliking, munisipale owerhede ingestel word vir alle verstedelike gebiede, kom dit vanselfsprekend tog voor dat aansoeke om die stigting van nuwe dorpe gedoen word in gebiede wat nog nie onder beheer van 'n plaaslike bestuursliggaam staan nie. Dit gebeur veral in gebiede onmiddellik buite of naby bestaande stede en dorpe, maar dit kom ook voor in afgeleë plattelandse gebiede. Die Beplanningsordonnansies van die onderskeie Provinsies maak dus ook voorsiening vir die oorweging, direk deur die Provinsiale Administrasies van aansoeke om dorpstigting buite munisipale gebiede.

1.6 Dit kan gesê word dat in die tydvak waarvoor dit ontwerp en uitgebou is en in die omstandighede wat daar tot enkele dekades gelede in ons land ten opsigte van verstedeliking geheers het, hierdie beplanningstelsels van die provinsies uitstekend fungeer het en 'n groot

bydrae /

bydrae gelewer het tot die ordelike ontwikkeling van ons dorpe en stede. Die grootste waarde lê egter miskien daarin dat deur die bestaan en bedrywighede van hierdie beplanningsmasjinerie daar in ons land deur die jare goeie kennis en ondervinding opgedoerf is op die gebied van stedelike ontwikkeling en stadsbeplanning.

1.7 Bogenoemde was vir baie jare in ons land die enigste positiewe en doelbewuste pogings tot ruimtelike beplanning gegrondves op statutêre voorskrifte. Dit was ook, vir die tyd en die ontwikkelings stadium waarin die land hom bevind het, voldoende.

1.8 Die vinnige ontwikkeling van die land na die tweede wêreldoorlog en veral na Republiekwording het tot uiting gekom op baie terreine van die volkshuishouding, maar veral het dit 'n groot uitwerking gehad op die gebied van die fisiese aansig van die land. Die bevolkingsgroei en die klemverskuiwing vanaf die agrariese na die

nywerheidsekonomie het volksverhuisings-meëgebring wat nuwe benaderings en meer gekonsentreerde aandag nodig gemaak het op die gebied van verstedeliking en gevolglik op die beplanning van dorpe en stede. Bestaande stedelike gebiede het vertikaal en horisontaal vinnig uitgebrei. Eersgenoemde het nuwe benaderings en intensiewe studie nodig gemaak op die gebied van die beplanning van bestaande stadsgebiede. Stadsowerhede, onder algemene toesig van die Provinsiale Administrasies het goed tred gehou met hierdie nuwe vereistes,

grootliks /

grootliks omdat hulle die nodige aanpassings kon doen binne die raamwerk van bestaande, erkende en geÿkte administratiewe en wetlike masjinerie. In die geval van die laasgenoemde kon munisipale owerhede ook redelik tred hou en gesonde beplanning doen aangaande uitbreidings en die stigting van nuwe dorpe solank dit binne hulle munisipale gebiede en dus binne hulle regsbevoegdheid geval het.

1.9 Blote uitbreiding van munisipale grense om alle moontlike ontwikkelingsgebiede te behels kan nie tred hou met ontwikkeling nie en is in alle geval om ander redes nie altyd gewens nie. Namate op hierdie wyse stede en dorpe, veral in die P.W.V.-gebied, die Durban-Pinetown-gebied, Port Elizabeth-Uitenhage en die Kaapse Skiereiland nader aan mekaar beweeg het, het verstedelike komplekse ontstaan wat 'n duidelike metropolitaanse karakter aangeneem het.

1.10 Die Provinsiale Owerhede het algou besef dat die beplanningsmasjinerie wat verstedeliking goed bedien het tot in daardie stadium, nie ontwerp en opgewasse was om hierdie nuwe situasie die hoof te bied nie...

1.11 Die algehele gedaanteverwisseling van die land en die gevolglike noodsaaklikheid tot nuwe denke en aanpassings op staatsadministratiewe gebied was vanselfsprekend nie beperk tot die plaaslike of provinsiale regeringsvlak nie. Dit het staatsoptrede noodsaaklik gemaak op nuwe terreine en meer intensiewe en wetenskaplik toegespitste optrede op bestaande terreine. Die staatsadministratiewe masjien moes aangepas en uitgebou word om sy owerheidsfunksie na wense te vervul

in veranderde /

in veranderde en steeds veranderende omstandighede. Die volgende is 'n paar van die terreine waarop óf meer uitgebreide en meer intensiewe staatsoptrede nodig geword het, óf wat as nuwe fasette in die landsregering aandag moes geniet.

1.11.1 Die grootskaalse verskuiwing van bevolking van die plattelandse gebiede na stedelike gebiede as gevolg van die nywerheidsomwenteling het vanselfsprekend vir haas elke staatsdepartement op sy gebied nuwe vraagstukke en benaderings geskep.

1.11.2 Die vinnige ekonomiese ontwikkeling het vereis dat parallele en voortvloeiende fisiese ontwikkeling daarmee tred moes hou. Dit het weer die noodsaaklikheid beklemtoon dat hierdie fisiese ontwikkeling moes geskied volgens 'n vooraf uitgewerkte plan wat in sy wese bepaal en vasgelê word deur 'n gegewe nasionale maatskaplik-politieke beleid. Daar moes dus van regeringskant ook toegesien word dat, al sou dit aanvanklik slegs 'n breë raamwerk wees, 'n ontwikkelingspatroon ontwerp word waarby ontwikkeling op alle gebiede behoorlik aangepas kan word.

1.11.3 Die land se ontwikkelingsmoontlikhede en die tempo en patroon daarvan hang ten nouste saam met die kwantiteit, kwaliteit en geografiese verspreiding van sy natuurlike hulpbronne. Kennis van hierdie hulpbronne, hulle ligging en hulle ontginningsmoontlikhede moes doelgerig nagegaan en getabuleer word sodat hulle ten beste aangewend kan word in diens van vinnige maar terselfdertyd harmonieuse ontwikkeling.

1.11.4 Die /

1.11.4 Die ontstaan en ontwikkeling van ekonomiese groeipunte en bevolkingskonsentrasies kon nie langer aan die toeval oorgelaat word nie, maar moes beplan en onderling geïntegreer word. Die tyd was ook reeds daar dat sulke mensesaamtrekkings wat in die verlede wel so ontstaan het, nie langer toegelaat kon word om onbeheersd te groei nie.

1.11.5 Die beleid van afsonderlike ontwikkeling het in hierdie tyd beweeg van die terrein van die metafisiese tot die fisiese van die teoretiese konsep tot die praktiese uitvoering. Ten einde die land se fisiese ontwikkeling behoorlik ontvanklik te maak vir die praktiese uitvoering van hierdie landsbeleid moes deur voorafbeplanning die vestigingsplekke van ekonomiese groeipunte bepaal word.

1.12 Die voorafgaande dien slegs om aan te dui dat daar in die vyftiger jare op alle owerheidsvlakke 'n sterk behoefte ontstaan het aan die ontwerp en toepassing van 'n nasionale administratiewe en wetlike apparaat waarmee hierdie noodsaaklike fisiese beplanning in al sy menigvuldige ingewikkelde fasette en op elke vlak van regering gedoen kon word.

1.13 Vanselfsprekend is daar oor hierdie saak baie gedink, geredeneer en oorleg gepleeg, en vervolgens word kortliks geskets wat reeds in hierdie verband gedoen is.

(a) Die Raad /

(a) Die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne is ingestel deur Wet No. 51 van 1947, en sy funksie en doelstelling word kortliks in Artikel 3 van die Wet opgesom as:

"..... om beter beheer en meer doeltreffend gekoördineerde ontginning, ontwikkeling en gebruik van die natuurlike hulpbronne van die Unie te beplan en te bevorder". Dat met die instelling van hierdie Raad bedoel is dat hierdie doel en opdrag wyd geïnterpreteer moet word, is duidelik uit die lys van funksies van die Raad soos dit uiteengesit word in Artikel 4 van die betrokke Wet. Die werking van die Raad gedurende die tyd van sy bestaan het dan ook bewys dat 'n wye interpretasie van sy funksie noodsaaklik was. Wat egter van besondere belang is, is dat die werksaamhede van die Raad so duidelik bewys het dat daar 'n sterk behoefte was vir 'n beplanningsliggaam op sentrale regeringsvlak.

(b) Die besef dat die destydsbestaande masjinerie nie beantwoord het aan die vereistes van die tyd nie, het ook die provinsiale owerhede daartoe gebring om aanpassings te oorweeg. In Natal is in 1949 die Stadbeplanningswetgewing opgeknep. Die ordonnansie van 1949 bevat naas die gewone bepalings wat die tradisionele dorpsbeplanningsfunksies behels, 'n aantal bepalings wat heelwat verder gaan. Om hierdie nuwe bepalings uit te voer, en die Administrateur daarvoor van advies te bedien, word die Stad- en Streekbeplanningskommissie in

die lewe /

die lewe geroep. Vir die eerste keer wend 'n provinsiale owerheid hom dus hier doelbewus en ingevolge statutêre magtiging, tot die beplanning van gebiede in streekverband, buite munisipale gebiede. Hierdie stap van die Natalse Provinsiale Owerheid het voorsien in 'n dringende behoefte en het sedertdien goeie vrugte afgewerp.

1.14 Die Transvaalse Provinsiale Administrasie het teen 1957 ook reeds tot die gevolgtrekking gekom dat die gebrek aan 'n provinsiale beplanningsliggaam, wat meer bepaald kon omsien na die beplanning van stedelike gebiede wat ontstaan buite munisipale gebiede, die ordelike ontwikkeling van die provinsie sal belemmer, en het besluit om Natal se voorbeeld te volg. Toe die saak egter reeds so ver gevorder het dat 'n konsepsordonnansie in opdrag van die Uitvoerende Komitee opgestel is, is gevind dat daar sterk twyfel bestaan of dit binne die bevoegdheid van die Provinsies val om, naas stadsbeplanning ook streekbeplanning te onderneem en om daarvoor wetgewing uit te vaardig. Daar is destyds vertoë tot die regering gerig om hierdie wetlike bevoegdhede bo alle twyfel te stel. Op daardie tydstip was dit egter reeds duidelik dat ook die Sentrale Regering 'n baie groter en meer aktiewe rol sal moet speel in die fisiese beplanning van die land, en het die saak vasgehaak.

1.15 Dit was dan ook in hierdie tydvak dat die besef baie duidelik op regeringsvlak deurgedring het dat die landsontwikkeling besig was om te konsentreer in enkele groot metropolitaanse gebiede.

ander /

Ander lande se ondervinding het bewys dat indien ontwikkeling toegelaat word om sonder beplanning en sonder nywerheidsvestigingsbeheer sy gang te gaan, groot stede neig om feitlik alle ontwikkeling in hulleself te konsentreer en so 'n suigkrag ontwikkel dat hulle groei, eers tot uitsluiting van, en later ten koste van die res van die land geskied. Wat egter seker die aansporing tot onmiddellike optrede was, was die feit dat die meeste persone wat deur hierdie grootstedelike komplekse gelok is, Bantoe werkers in die nywerheid en in ander sektore wat nywerheidsontwikkeling volg, was. Onbeheerd gelaat, sou hierdie situasie binne een geslag die grootste gedeelte van die Bantoe-bevolking uit die platteland, maar veral uit die Bantoe tuislande na die Blanke stede lok.

1.16 Die uitvloeisel hiervan was die aanname van 'n ferme beleid van desentralisasie van ekonomiese bedrywigheede, met die klem aanvanklik op grensnywerheidsontwikkeling.

1.17 Die konsep van die beleid van afsonderlike ontwikkeling, met nywerheidsdesentralisasie en die ontwikkeling van grensnywerheidsgebiede as logiese uitvloeisel, maak die bestaan van 'n nasionale fisiese ontwikkelingsplan gebiedend noodsaaklik. As eerste stap in hierdie rigting en ten einde aan onmiddellike vereistes te voldoen is in 1967 die Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne op die Wetboek geplaas. Hierdie Wet vervang die Wet op die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne en behels min of meer dieselfde beginsels. Verskeie belangrike toevoegings word egter gemaak sodat die Sentrale

Rogering /

Regering nou beheer uitoefen op die vestiging van nywerhede, op die sonering en uitleg van grond vir nywerheidsdoeleindes en op die indiensneming van Bantoe in die nywerheid in geproklameerde gebiede.

1.18 Van die grootste belang, suiwer uit die oogpunt van Fisiese Beplanning, is dat hierdie Wet die beginsel vaslê dat beheer oor die beplanning en uitleg van nywerheidsgebiede 'n funksie van die sentrale regering word, wat hierdie regeringsvlak nou plaas midde in die fisiese beplanningsveld.

1.19 Uit die voorafgaande skets van die huidige stand van sake ten opsigte van fisiese beplanning en die wetgewing wat dit magtig, is dit duidelik dat dit ewolusionêr, stuksgewys en op ad hoc grondslag ontwikkel het. Dit is ook ewe duidelik dat daar nie langer gewag kan word met die moeilike, maar noodsaaklike taak om 'n behoorlik deurdagte en duidelik uiteengesette beplanningsoktrooi vir die land uit te werk nie.

B. DIE OPDRAG AAN DIE KOMITEE

2.1 Die opdrag aan hierdie komitee is deur die Minister van Beplanning gegee na aanleiding van samesprekings tussen die Ministers van Beplanning en van Gemeenskapsbou en die Administrateurs van die onderskeie Provinsies. Die uitkoms van hierdie samesprekings word opgesom in Bylae I. Uit hierdie dokument sal dit blyk dat die komitee se werksveld beperk is en dat hy hom moes bepaal by sekere

basiese /

basiese besluite wat reeds geneem is en bloot besonderhede moet invul binne 'n breë raamwerk waarop reeds besluit is.

2.2 Die Komitee het binne hierdie omlýning en op grondslag van sy opdrag, 'n vraelys opgestel en alle persone en, instansies uitgenooi om, aan die hand van die vraelys, hul onderskeie menings en aanbevelings te gee. 'n Groot aantal memorandum is ontvang en noukeurig deur die komitee bestudeer. Weens die volledigheid en duidelikheid van die meeste van die memorandum is besluit om geen mondelingse getuienis aan te hoor nie.

C. ONDERLIGGENDE DOEL, BEGINSELS EN FUNKSIES VAN FISIESE BEPLANNING

3.1 Die einddoel van die owerheidsaksie wat bekend staan as fisiese beplanning kan in kort beskryf word as die reëling en ordening van die aanwending van die grondoppervlakte van 'n land of gebied op so 'n wyse dat dit die grootste moontlike bydrae lewer tot die veiligheid, voorspoed en algemene geluk en welsyn van die mense wat daarop woon.

3.2 In die praktyk kom hierdie beplanning, op welke owerheidsvlak dit ookal geskied, grootliks neer op beheer deur die owerheid van die doeleindes waarvoor en die wyse waarop die private grondeienaar sy grond mag gebruik.

3.3 Die reg tot /

3.3 Die reg tot privaatbesit van grond is in ons maatskaplike stelsel baie sterk ingegrawe en word met nougesetheid beskerm in ons regeringsvorm en regstelsel.

3.4 In die vroegste dae van ons beskawing het saam met die reg van die enkeling om grond te besit, ook die reg gegaan tot die vrye en onbelemmerde gebruik deur die eienaar van die grond na eie goeddunke. Terwyl die eersgenoemde reg deur die eeue tot die huidige gehandhaaf kon word, het die laasgenoemde gaandeweg verdwyn en is dit voortdurend afgewater en gekwalifiseer totdat dit in ons tyd aanvaar word dat die reg tot vrye gebruik beperk word tot gebruik op so 'n wyse dat dit versoenbaar is met die belange, veiligheid, gerief en wellewendheid van ander landsburgers, individueel en kollektief. In ons eie tyd is 'n baie belangrike en interessante verdere voorwaarde aan die grondeienaar gestel naamlik dat die huidige eienaar sy grond so moet gebruik en aanwend dat dit in goeie toestand oorhandig kan word aan sy opvolger. Die reg tot gebruik sluit dus nie die reg tot vernietiging of doellose beskadiging in nie.

3.5 Die landsowerheid, in sy verskillende vorms is in alle lande, ook in ons land, 'n groot grondbesitter hoewel in die Republiek die persentasie grond in privaatbesit, moontlik van die hoogste in die wêreld is. Dit kan nie anders gesien word nie as dat hierdie grondbesit deur die owerheid bloot kollektiewe besit deur 'n aantal enkelinge (al die landsburgers) is, in teenstelling met individuele besit. Daar moet dus gewaak word teen die posvatting van die wanbegrip dat staatsinstansies wat grond namens die

owerheid /

owerheid gebruik en aanwend nie gebonde hoof te wees aan dieselfde norme en voorskrifte wat deur die Beplanningsowerheid neergelê word vir private grondeienaars nie.

3.6 Owerhede op al drie regeringsvlakke behoort ook 'n positiewe bydrae in die uitvoering van fisiese planne te lewer deur die doelbewuste koördinerings van hulle eie werksaamhede met die doelstellings van die plan. Die aanleg en programmering van vervoer en ander openbare diensstelsels kan byvoorbeeld so beplan word dat dit nie bloot aan die aanvraag vir dienste voldoen nie, maar ook die ontwikkelingspatroon in wenslike rigtings stuur.

D. AANBEVELINGS

4.1 In die aanbevelings wat volg het die komitee uitgegaan van die benadering dat enkele vasstaande feite en omstandighede aanvaar moet word en dat daarvandaan verder gebou moet word. Hulle is:

4.1.1 Die opdrag aan die komitee bevat 'n aantal breë beginselsbesluite wat reeds geneem en aan die komitee oorgedra is.

4.1.2 Die landsregering vind plaas op drie owerheidsvlakke. Hoewel die funksieverdeling tussen hierdie drie vlakke nie staties is nie, maar in die diskresie van die Parlement verander kan word sal dit basies onveranderd bly.

4.1.3 Daar /

4.1.3 Daar bestaan reeds sekere beplanningsinstellings wat in die verlede ewolusionêr tot stand gekom het. Ten einde onnodige ontwrigting te voorkom en so ver moontlik gebruik te maak van kennis en ondervinding wat reeds verkry is, moet nuwe voorstelle poog om sodanige instellings in te pas, indien nodig, met die vereiste aanpassing en uitbouing.

4.2 Bepanning deur die Sentrale Regering

4.2.1 Ten einde die land se oppervlakte behoorlik ontvanklik te maak vir die fisiese aspekte van die ontwikkeling wat plaasvind en sal volg behoort 'n Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan ten opsigte van die hele Republiek so gou as moontlik uitgewerk, opgestel en bekendgemaak te word.

4.2.2 Hierdie Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan moet, terwyl dit so spesifiek as moontlik aanduidend is van huidige kennis, denkrigtings en planne, altyd buigbaar en aanpasbaar wees en voortdurend aangepas word by nuwe ontdekkings, nuwe tegnologiese ontwikkeling, nuwe maatskaplike vereistes en nuwe staatkundige, maatskaplike en ekonomiese denkrigtings.

4.2.3 Op een groot landkaart en die nodige aantal streekskaarte met verduidelikende planklousules moet hierdie Ontwikkelingsplan onder meer aandui:

(a) Sosio-ekonomiese /

- (a) Sosio-ekonomiese ontwikkelings- of beplanningstreke.
- (b) Bestaande en aanvaarde kenmerke en ontwikkeling soos:
 - (i) Bantoetuislande, gebiede geproklameer ingevolge die Groepsgebiedewet vir okkupasie deur ander bevolkingsgroepe en die Blanke gebiede.
 - (ii) Bestaande stede, dorpe en alle bevolkings-sametrekkings met besonderhede oor hulle redes vir ontstaan, bestaan en voortbestaan en met volledige analises van hulle maatskaplike en ekonomiese samestelling en hulle mikro-infrastruktuur.
 - (iii) Die makro-infrastruktuur soos pad, spoor en lugverbindingsroetes, stasies, see- en lughawens, elektriese kragstasies en hoof-, sub- en distribusiegeleidings.
 - (iv) Bestaande wateropparings- en ontwikkelingskemas, besproeiingskemas gebaseer op hierdie bronne; intensiewe en ekstensiewe landbougebiede met hulle huidige bydrae tot die land se landbouproduksie.
 - (v) Bekende /

- (v) Bekende en bewese minerale afsettings en die huidige stand van hulle ontginning en aawending.
- (vi) Bestaande ontspannings en/of toeristeaantreklikhede met besonderhede van reeds ontwikkelde geriewe.
- (vii) Gedesentraliseerde ekonomiese groeipunte met aanduidings van hulle stadium van ontwikkeling, tipes nywerhede daar gevestig en vernaamste grondstofbronne en afsettingsgebiede en hulle Blanke en nie-Blanke arbeidsbronne.
- (viii) Bestaande bevolking en bevolkingstendense.
- (c) Onmiddellike of naby-toekomstige planne en tans bekende tendense wat veranderings sal meebring in die bestaande toestande soos in (b) hierbo uiteengesit.
- (d) Die potensiaal van elke gebied om bevolking te huisves, van werk te voorsien en ontspanningsgeriewe vir hulle daar te stel.
- (e) Veranderings wat aangebring moet word, nuwe gebiede wat ontwikkel moet word en verskuiwings van bevolking, water, krag en grondstowwe wat nodig is om uitvoering te gee aan die ontwikkelings- en groeipatroon wat vloei uit die land se staatkundig/maatskaplike beleid.

4.2.4 Hierdie Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan moet aan die volgende breë vereistes voldoen en die volgende doeleindes bevredig:

- (a) Dit moet aan die landsbevolking, aan die buiteland, aan voornemende nyweraars, ontwikkelaars en beleggers en aan staatsdepartemente, provinsiale owerhede en plaaslike besture 'n duidelike beeld gee van die onmiddellike en toekomsplanne van die regering ten opsigte van die fisiese ontwikkeling van die land ten einde nasionale staatkundige, maatskaplike en ekonomiese beleid te kan absorbeer.
- (b) Dit moet aan grondeienaars in elke deel van die land die geleentheid gee om 'n redelike aanduiding te kry van die huidige en toekomstige doeleindes waarvoor hulle grond benodig en gebruik sal word.
- (c) Dit moet 'n aanduiding gee van die tempo en prioriteite van ontwikkeling wat in elke streek of substreek wenslik is om op 'n nasionaal geblanseerde grondslag hulpbronne te benut, beskikbare globale kapitaalbelegging ruimtelik en volgens ekonomiese sektore uit te deel, bevolkingsmigrasie te beïnvloed, produksie te beheer en aan die ekonomiese ontwikkelingsprogram uitvoering te gee.
- (d) Dit moet /

- (d) Dit moet aan laer regerings- en beplanningsowerhede 'n beeld gee van die regering se planne en voorneme, sodat hulle in die uitvoering van hulle onderskeie funksies vrugbaar kan meewerk aan die uitvoering van regeringsbeleid en die verwesenliking van die regering se toekomsplanne, op die gebied van die fisiese ontwikkeling van die land.
- (e) Die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan moet streeks- gewys deur die Kabinet goedgekeur word en enige verandering, wysiging en aanpassing moet aan die Kabinet vir goedkeuring, verwerping of wysiging voorgelê word.
- (f) Net soos elke enkeling, grondeienaar, ontwikkelaar, belegger, provinsiale of plaaslike owerheid, moet elke staatsdepartement sy toekomsbeplanning en ontwikkeling inpas by die Nasionale Plan. Aangesien die Plan nooit as staties of onveranderbaar beskou moet word nie, kan aanpassings en veranderings deur die Kabinet op versoek gedoen word waar nodig.

4.2.5 Administratiewe masjinerie wat reeds bestaan, uitgebou of ingestel moet word om hierdie taak te vervul

- (a) Alle Staats- en Provinsiale Departemente wat dienste van fisiese aard aan die landsbevolking lewer behoort, soos die meeste reeds gedoen het, spesiale afdelings vir beplanning in te stel. De-

partemente /

partemente kan dan sorg dat hulle in die lig van die Nasionale Plan, die Kabinet inlig oor die implikasies en praktiese uitvoerbaarheid van voorstelle in die Plan waaroor die Kabinet moet besluit.

(b) Die Eerste Minister se Beplanningsadviesraad, met die Departement van Beplanning se administratiewe en professionele dienste tot sy beskikking behoort die aangewese liggaam te wees om, in oorleg met alle staats- en provinsiale departemente en amptelike en nie-amptelike instansies die basiese voorbereidings- en ko-ordineringswerk van die Plan te doen. Die Raad sal verantwoordelik wees vir advies aan die Minister van Beplanning en deur die Minister aan die Eerste Minister en die Kabinet in verband met die toepassing van enige wetgewing wat nodig mag wees, en vir die uitvoering van besluite wat mag volg. Die Raad sal, na sodanige oorleg as wat nodig mag wees, en die aanhoor van idees en vertoë wat uit die publiek mag kom die Plan in konsep voorberei en deur die Minister aan die Kabinet voorlê. Wysigings wat die Kabinet aan die konsep plan aangebring wil hê sal deur die Raad, en die Departement aangebring word. Dit geld ook vir wysigings aan die Plan nadat dit goedgekeur is.

Omvattende prosedures in hierdie verband sal deur die Raad uitgewerk moet word, wat vir goedkeuring voorgelê moet word en uiteindelik deur Wetgewing, Regulasies en administratiewe besluite vasgelê moet word.

(c) In die algemeen /

(c) In die algemeen sal die Raad, in sy huidige of hersiende vorm beskou word as die staatsinstelling wat verantwoordelik is vir die finale voorbereiding van en voorlegging aan die Kabinet van wat genoem kan word die geko-ordineerde beplanningspoging van alle staats- en provinsiale departemente en laer owerheidsvlakke, saamgevat in die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan.

4.2.6 Wetgewing wat nodig is om uitvoering te gee

Die aanbevelings onder hierdie hoof sal, indien aanvaar, wetgewing vereis. Dit kan gedoen word deur die wysiging van die Wet op Fisiese Beplanning en die Benutting van Hulpbronne, 1967, of hierdie wet kan vervang word met 'n nuwe Wet op Fisiese Beplanning.

4.2.7 Opsommend sal die Sentrale Beplanningsowerheid se fisiese beplanningswerk, soos weergegee in die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan op elke gegewe tydstip inligting bevat oor die jongste besluite en denke van die regering oor, onder andere, die volgende:

(a) Dit sal aandui of, en indien wel hoe, die land vir fisiese beplanningsdoeleindes opgedeel word in hoofstreke vir beplanningsdoeleindes.

(b) Dit sal reeds bestaande ontwikkeling in al sy vorms aandui, bekende potensiaal vir verdere ontwikkeling aantoon, bestaande swakhede en tekortkominge identifiseer en voordelige en nadelige tendense ontbloot.

(c) Dit sal /

- (c) Dit sal gebiede aandui waar groeipunte dadelik en in die voorsienbare toekoms ontwikkel behoort te word, so ver as moontlik grootte-orde bepaal en die tydstip en gewenste tempo van ontwikkeling aandui.
- (d) Dit sal die inherente ontwikkelingspotensiaal van gebiede aandui aan die hand van kennis oor die klimaat, topografie, beskikbaarheid van hulpbronne, dienste, grondstowwe en arbeid.
- (e) Dit sal aandui of, en, indien wel, in welke mate en van waar grondstowwe, water, krag en ander hulpmiddele aangevoer moet word na groeipunte met gebrekkige potensiaal, maar wat om besondere redes ontwikkel behoort te word.
- (f) Dit sal grond soneer wat gereserveer behoort te word vir besondere doeleindes soos waterbewarings- en opgaarwerke; groot spoorwegstasies en aansluitings; lug en seehawens; termiese-, hidro- en kernkragstasies; pad, spoor- en kragtransmissieroetes; ontspannings- en toeristeaantreklikhede en geriewe en vir die doeleindes van ontginning en verwerking van minerale.

4.3 Bepanning deur Provinsiale Owerhede

4.3.1 Elke Provinsiale Owerheid behoort, as integrerende deel van sy administratiewe masjien, 'n spesiale Departement van Fisiese

Beplanning te hê. Die sterkte, omvang en status van hierdie Departement sal afhang van die mate van fisiese ontwikkeling wat in 'n besondere provinsie bestaan en verwag word.

4.3.2 Ten einde die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee van advies te bedien oor fisiese beplanningsaangeleenthede, behoort elke Provinsie 'n Beplanningsraad te hê. Die Bestaande Dorperade kan in so 'n wyer liggaam omgeskep en aangepas word.

4.3.3 Die samestelling, net soos besonderhede oor die werkswyse, funksies en pligte van hierdie Rade behoort aan die oordeel van die Provinsiale Owerhede oorgelaat te word. Daar behoort geen poging te wees om eenvormigheid op Provinsies af te dwing nie. Op elke sodanige Provinsiale Beplanningsraad moet 'n verteenwoordiger van die Sentrale Owerheid deur die Minister van Beplanning aangewys, aangestel word.

4.3.4 Die funksies van die Provinsiale Owerheid op die gebied van Fisiese Beplanning sal die volgende behels:

(a) Algemeen

Om deurlopend op die hoogte te wees met die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan en sy inligting, voorskrifte en bepalings; om kennis te neem van wysigings aan die plan soos van tyd tot tyd

gemaak; /

gemaak om op versoek van die Beplanningsadviesraad van die Eerste Minister inligting, kommentaar en hulp te lewer; om opnames op eie inisiatief of op versoek van die Beplanningsadviesraad te maak en om na goeë vertoë te rig en aanbevelings te maak aan die betrokke Raad in verband met voorstelle van die Raad ten opsigte van die Nasionale Plan.

(b) Direkte Provinsiale Beplanning.

(i) Elke Provinsie besluit self oor besonderhede in verband met die samestelling, werksaamhede en organisasie van sy Streek-beplanningsmasjinerie en bepaal in welke mate en op welke wyse beplanning gedoen moet word in oorlegpleging met belanghebbende instansies en die algemene publiek.

(ii) Indien die Nasionale Plan voorsiening maak vir die verdeling van die land in streke vir beplanningsdoeleindes sal die Provinsiale Owerheid hiardie streke as beplanningstreke aanvaar vir soverre hulle binne die besondere provinsiale grense val. Wysiging van streekgrense, indien nodig, sal aangebring word op die Nasionale Plan deur die Kabinet op Advies van die Beplanningsadviesraad van die Eerste Minister. Die gemelde Raad sal sy advies gee na oorlegpleging met die Provinsiale Owerheid, wat ook op eie inisiatief vertoë kan rig vir die wysiging van streekgrense. Die Provinsiale liggaam kan streke onderverdeel

in substreke /

in substreke vir beplanningsdoeleindes, onderhewig aan die goedkeuring van die Raad.

- (iii) Indien die Nasionale Plan nie voorsiening maak vir die verdeling van die Provinsie in Streke nie, sal die Provinsiale Owerheid so 'n indeling doen, onderhewig aan die goedkeuring van die Raad.
- (iv) Die Provinsiale Owerheid sal vir elke streek in die provinsie ter geleë tyd 'n streekplan opstel, met inagneming van vasstaande feite, omstandighede en voorskrifte soos bepaal in die Nasionale Plan. Die Streekplan is onderhewig aan die goedkeuring van die regering, op advies van die Beplanningsadviesraad. Na goedkeuring word die Streekplan opgeneem as deel van die Nasionale Plan.

4.4.2 Beplanning saam met Plaaslike Owerhede

4.4.1 ' Provinsiale Owerhede mag gebiede afbaken en proklameer as Metropolitaanse Beplanningsgebiede. Metropolitaanse Gebiede word beskou as gebiede waar die regsgebiede van plaaslike owerhede so naby aan mekaar lê en hulle ontwikkeling van so 'n aard en tempo is dat hierdie munisipale gebiede en die grond daartussen nie as geïsoleerde eenhede beskou kan word nie, maar mekaar beïnvloed en op

mekaar /

mekaar inwerk en waar klaarblyklik 'n eenheidsblik oor die gebruik van grond en die behoorlike aanpassing en integrering van ontwikkeling verkry moet word.

4.4.2 Die provinsiale owerheid stel vir elke geproklameerde Metropolitaanse Gebied 'n Metropolitaanse Beplanningsraad daar.

4.4.3 Elke provinsiale owerheid besluit na eie goeddunke, volgens gesonde beplanningsbeginsels en met inagneming van die demokratiese samestelling van plaaslike owerhede en die belange van grondeienaars buite munisipale gebiede oor die samestelling, verteenwoordiging op en werkswyse van Metropolitaanse Beplanningsrade.

4.4.4 Elke provinsiale owerheid besluit self indien en in welke mate outonomie van optrede aan Metropolitaanse Beplanningsrade gegee moet word en in welke mate en hoe beheer deur die Administrateur-in-Uitvoerende-Komitee behou en toegepas moet word. Metropolitaanse Beplanningsrade fungeer onder algemene beheer en toesig van ~~die Provinsiale Beplanningsliggaam wat die administrasie adviseer.~~

4.4.5 In 'n geproklameerde Metropolitaanse Beplanningsgebied, waar 'n Metropolitaanse Beplanningsraad ingestel is, word die Metropolitaanse Beplanningsraad belas met die opstel, hersiening en wysiging van 'n Metropolitaanse Gidsplan. Die Gidsplan vorm na goedkeuring deur die Administrateur 'n raamwerk waarby plaaslike beplanningskemas moet inpas.

4.4.6 /

4.4.6 Dit staan die Provinsiale Owerheid vry om alle fisiese beplanningsfunksies insluitende die funksies wat tans deur individuele Munisipale owerhede uitgeoefen word, in die Metropolitaanse Beplanningsraad saam te trek of in mindere mate bykomende beplanningsfunksies aan die Metropolitaanse Beplanningsraad oor te dra.

4.4.7 Beplanning deur Plaaslike Owerhede onder Algemene Toesig van die Provinsiale Owerheid

Plaaslike owerhede waarvan die regsgebied nie val binne 'n geproklameerde Metropolitaanse gebied nie, gaan voort om volgens die bestaande voorskrifte van die verskeie dorpsbeplanningsordonnansies fisiese stadsbeplanning, en die administrasie daarvan te doen onder algemene beheer en toesig van die Administrateur soos geadviseer deur die Provinsiale Beplanningsowerheid.

4.4.8 Administratiewe Masjinerie wat uitgebou of ingestel moet word om uitvoering aan hierdie aanbevelings te gee

In al die provinsies is Dorpsbeplanningsordonnansies uitgevaardig ingevolge waarvan Dorperade ingestel is om die bepalinge daarvan toe te pas en die Administrateur daarvoor van Raad te bedien. By groter munisipale owerhede is sterk en goedbediende beplanningsorganisasies saamgestel. Hierdie bestaande instellings kan aangepas en aangevul word, waar nodig, om die herorganisasie en uitbreiding van beplanningsbedrywighede volgens bostaande aanbevelings uit te voer.

4.4.9 Wetgewing /

4.4.9 Wetgewing wat nodig is om Uitvoering aan die aanbevelings te gee

(a) Die mag van provinsiale rade om wetgewing uit te vaardig vir die fisiese beplanning van gebiede buite die regsgebied van plaaslike owerhede sodat streek- en metropolitaanse beplanning gedoen kan word moet bo alle twyfel gestel word, indien nodig deur Parlementêre optrede.

(b) Provinsiale Rade sal hulle bestaande beplanningsordonnansies moet hersien, of herroep en nuwe ordonansies aanvaar wat Streek- en Metropolitaanse Beplanning reël.

E. ALGEMENE AANBEVELINGS OOR ONDERLIGGENDE BEGINSELS VAN FISIESE BEPLANNING OP ALLE VLAKKE

5.1 Die Komitee wil, in die lig van sy ondersoek en studie en van aanbevelings en besware teen die huidige stelsel van stadsbeplanning die volgende algemene aanbevelings maak:

5.1.1 Fisiese Beplanning, in soverre dit voorskrifte uitreik ten opsigte van die doeleindes waarvoor en die wyse waarop 'n eienaar sy grond, waarvoor hy betaal het en wat sy eiendom is, mag aanwend, dring deur tot die kern van die stelsel van privaatgrondbesit. Beplanningsvoorskrifte kan enkelinge groot geldelike skade berokken en vir ander enkelinge weer groot geldelike voordele meebring. Die beginsel dat vergoeding gegee moet word vir regte wat weggeneem word en 'n betaling vereis word vir nuwe regte wat gegee word, is reeds in Dorpsbeplanningsordonnansies ingeskryf. Geen wetlike voorskrifte kan

egter 'n /

egter 'n sterk sin vir billikheid en regverdigheid en hoë integriteit aan die kant van persone en liggame wat besluite neem vervang nie en hierdie hoedanighede behoort in aanmerking te kom by die aanstelling van persone as amptenare en op Rade. Dit word sterk beklemtoon dat agting vir die regte van grondeienaars en die uiterste regverdigheid teenoor diegene wat regte moet prysgee sover as moontlik in wetgewing spesifiek voorgeskryf en in die toepassing daarvan uitgelewe moet word. Dit word in hierdie verband spesifiek aanbeveel dat wetgewing gewone kanale ooplaat of liefs spesiale weë skep waarlangs ontevredenes hulle saak aan arbiters, kan voorlê.

5.1.2 'n Ongelukkige verskynsel in dorpsbeplanning is dat die eienaars van grond soms vir baie lang tye in onserkerheid gehou word aangaande die sonering van hulle grond en die doeleindes waarvoor dit aangewend mag word. Dit behoort, binne redelike perke, vir elke grondeenaar moontlik te wees om, deur verwysing na die titelakte van sy grond en die klousules van die beplanningskema hom te eniger tyd te vergewis van wat hy op sy grond mag doen.

Dit word aanbeveel dat hierdie beginsel in beplanningswetgewing en -toepassing eerbiedig word.

5.1.3 Die stelsel waarvolgens dorpsbeplanning tans gedoen word, kom in breë trekke daarop neer dat die plaaslike owerheid die basiese beplanningsowerheid is, handelende volgens voorskifte wat duidelik en in besonderhede in die Ordonnansie uiteengesit is. 'n Prominente

karaktertrek /

karaktertrek van hierdie voorskrifte is die sorg wat geneem word om grondeienaars en die algemene publiek die geleentheid te gee om hulle stem te laat hoor in alle fases van die proses. Uiteindelik moet die Administrateur, wat handel op advies van sy Dorperaad en provinsiale administrasie die skema goedkeur, waarna dit geproklameer word en bindend word. So 'n skema is dus die produk van die gesamentlike denke en onderhandeling tussen die grondeienaar en algemene publiek, die plaaslike owerheid en die Administrateur.

5.1.3.1 Dit kan uit hierdie prosedure afgelei word dat daar 'n potensieël vrugbare vennootskap op beplanningsgebied bestaan tussen die plaaslike owerheid en die onderskeie Administrateurs in die provinsies. Eersgenoemde as verteenwoordiger van die betrokke gemeenskap, met volle kennis van sy regsgebied, ontwikkelings-tendense en met uitgewerkte toekomsplanne, sy vermoë om dienste te voorsien doen die basiese navorsing en studie. Hy pas dit in in sy ~~beoogde skema, raadpleeg grondeienaars en die algemene publiek en doen~~ dan 'n voorstel wat deur die Administrateur oorweeg moet word. Die Administrateur laat die skema deur sy raadgewers ondersoek, raadpleeg van sy kant ook die publiek, bring indien hy so wil, wysigings aan en keur uiteindelik 'n skema goed.

5.1.3.2 'n Dorpsbeplanningskema kan nooit staties wees nie en dit moet aanvaar word dat dit gedurig gewysig en aangepas moet word.

Veral /

veral grondeienaars wat in veranderings in sonering geleentheid sien om groot geldelike voordeel te behaal, is gewoonlik baie aktief in pogings om wysigings aan te bring. Dit volg vanself dat aansoeke om wysigings deur dieselfde versigtige prosedures behoort te gaan as die oorspronklike skemas. As waarde geheg word aan vennootskap tussen die Administrateur en die plaaslike owerheid in die voorbereiding van 'n skema en indien aanvaar word dat 'n plaaslike owerheid wat 'n sterk en goedopgeleide beplanningskorps tot sy beskikking het wat alle werk doen vir die voorbereiding van 'n skema, dan kan dit nie anders nie as dat die plaaslike owerheid ook in hierdie gees geken word in die geval van wysigings.

5.1.3.3 Dit word verstaan dat Administrateurs wanneer hulle aansoeke om wysigings behandel, en besluite neem wat direk teenstrydig is met die aanbevelings en verhoë van die plaaslike owerheid, nie altyd bereid is om aan daardie owerheid redes te verstrek vir die omverwerping van besluite en aanbevelings van die plaaslike owerheid nie. Dit moet aanvaar word dat die Administrateur, na inwinning van advies van sy raadgewers, besluite en aanbevelings omverwerp op goeie beplannings-, administratiewe of beleidsgronde. Indien beplanning sinvol, vrugbaar en konsekwent moet wees, spreek dit vanself dat die basiese beplannings-owerheid bewus moet wees van sodanige beplannings-, administratiewe of beleidsgronde waarop sy aanbevelings verwerp is. Dit kan met reg van 'n plaaslike owerheid verwag word dat hy nie voortdurend in sy beplanningsbedrywighede besluite moet neem wat bots met beleid, beginsels, en norme wat deur die Administrateur neergelê word nie. Dit is 'n

billike /

billike vraag hoe van 'n plaaslike owerheid verwag kan word om te handel volgens 'n beleid, norme of beginsels waarvan hy nie bewus gemaak word nie.

5.1.3.4 Dit word aanbeveel dat voorsiening in beplanningswetgewing gemaak word vir die nouste skakeling tussen die Administrateur en die plaaslike bestuur op grondslag van vertrouwe en dat redes vir die wegwysing van aanbevelings van die plaaslike bestuur deur die Administrateur aan die plaaslike owerheid verskaf word.

5.1.4 In verskeie memorandumums wat aan die Komitee voorgelê is, is sterk bepleit dat plaaslike owerhede, naas hulle erkende funksies as plaaslike beplanningsowerhede, ook toegelaat behoort te word om aktie op te tree in die ontwikkeling van woon-, sake- en nywerheidsgebiede. Dit is gestel dat plaaslike owerhede in hierdie opsig die reg behoort te hê om in vennootskap met kapitaalkragtige private ondernemings deel te hê aan sulke ontwikkeling. Hierdie gedagte val buite die veld van beplanning en raak aan suiwer plaaslike bestuursaangeleenthede en die magte wat Provinsiale Owerhede aan plaaslike bestuure wil toesê. Hierdie Komitee kan insien dat sulke magte aan plaaslike owerhede ontwikkeling kan stimuleer en dus die optrede wat volg op beplanning kan aanhelp, maar beseft ook dat dit eintlik die breër plaaslike bestuursaangeleentheid raak, waaroor hy geen aanbeveling kan doen nie.

5.1.5 Die hoë koste van woonerwe en die bewering dat 'n belangrike bydrae tot hierdie koste gelewer word deur die tydverloop

tussen /

...ussen aansoek om dorpstigting en finale proklamasie, het ook die komitee se aandag geniet. Die komitee kan nie saamstem met bewerings dat die skuld vir hierdie lang tydperke uitsluitlik aan die deur van die Provinsiale of Plaaslike Owerhede gelê moet word nie. Daar is nietemin nagegaan hoe die proses deur onderlinge reëlings tussen hierdie twee owerhede bespoedig kan word. Die komitee beveel aan dat, in gevalle waar ten opsigte van 'n plaaslike owerheid se regsgebied wat reeds beplan is en waar gebiede vir woondoeleindes gesoneer is, aansoeke om dorpstigting wat inpas by die sonering, op plaaslike bestuursvlak ontvang, oorweeg en afgehandel word, mits die betrokke plaaslike owerheid, tot bevrediging van die Administrateur, beskik oor bevoegde tegniese adviseurs.

Geteken te PRETORIA op 17 September 1970.

Mnr. P.J.V.E. Pretorius Voorsitter

Pretorius

Mnr. J. Botes Lid

Jacob Botes

Mnr. S.W.R. Gildenhuys Lid

S.W.R. Gildenhuys

Prof. D. Page Lid

Page

Mnr. R.A. Pistorius Lid

Pistorius

Dr. W.E. Verschuur Lid

W.E. Verschuur

Mnr. C.C. Reynecke Sekretaris

C.C. Reynecke

B Y L A E I

OPDRAG AAN DIE HULPKOMITEE BELAS MET DIE ONDERSOEK
NA DIE VERHOUDINGS TUSSEN DIE REGERING, PROVINSIALE
EN PLAASLIKE BESTURE OP DIE GEBIED VAN FISIESE BEPLANNING

Die Minister van Beplanning het die Beplanningsadviesraad versoek om, as 'n saak van voorkeur, 'n ondersoek in te stel na die onderlinge verhoudings en verdeling van funksies tussen die Regering en die Provinsiale en Plaaslike Owerhede op die gebied van fisiese beplanning.

Die Raad het 'n komitee aangestel om die ondersoek te doen spesifiek en in besonderhede 'n stelsel uit te werk waarvolgens hierdie verdeling suksesvol in die praktyk toegepas kan word en sonder onnodige ingewikkeldheid kan inpas by die bestaande staatsorganisasie en staatsdiens.

Die opdrag aan die komitee gaan gepaard met die onderstaande breë aanduiding van die gesigspunte van die Ministers van Beplanning en Gemeenskapsbou en die Administrateurs en die komitee word versoek om dit as uitgangspunte te neem vir sy ondersoek en aanbevelings:

- (a) Interne Stads- en Dorpsbeplanning is basies die funksie van Plaaslike Owerhede onder algemene toesig van die Provinsiale Administrasies. By hierdie beplanning moet die volgende twee aangeleenthede in gedagte gehou en doelmatig ingeskakel word:

(i) Selfs /

- (i) Selfs interne stadsbeplanning mag beïnvloed word deur breë landsbeleid en hierdie beleid sal in die stadsbeplanningsproses, waar nodig, voorgedra en geïnterpreteer word deur die Departement van Beplanning;

- (iii) Die Departement van Gemeenskapsbou is primêr 'n ontwikkelingsliggaam en tree op nadat voorafbeplanning geskied het. Waar voorafbeplanning nie bestaan nie of ten spyte van die voorsorg in (a) genoem, bots met regeringsbeleid kan die Departement van Gemeenskapsbou self optree as voorafbeplanningsliggaam.

- (b) Interstedelike en metropolitaanse beplanning is basies die funksie van die Provinsiale Administrasies met die ~~nodige voorsorg om te verseker dat sodanige beplanning~~ geskied om te voldoen aan landsbeleid en in te pas by breë landsbeplanning. Nakoming van laasgenoemde vereiste is die taak van die Departement van Beplanning.

- (c) Streekbeplanning is basies die funksie van die Departement van Beplanning, met die nodige oorleg met die Provinsiale Administrasies;


- (d) Breë /

- (d) Breë nasionale fisiese beplanning is die funksie van die Departement van Beplanning in ooreenstemming met regeringsbeleid; en
- (e) Ten einde behoorlik toesig te kan hou oor die beplanning genoem in (a) en na behore hulle bydrae te kan lewer tot die beplanning genoem in (b) en (c) behoort die Provinsiale Administrasie bedien te word deur beplanningsorganisasies wat slegs adviserend aan die Uitvoerende Komitee sal wees en nie self beplanning sal onderneem of beheer oor amptenary sal hê nie.

Dat die verslag en aanbevelings van die Beplanningsadviesraad voorgelê word aan die Minister van Beplanning wat afskrifte daarvan sal besorg aan die Minister van Gemeenskapsbou en die Administrateurs met die oog op finale samesprekings aan die hand daarvan.



PROVINSIALE BEPLANNINGSORGANISASIE



BYLAE 4

Die Beplanningsadviesraad van die Eerste Minister aanvaar en ondersteun die aanbevelings van die Komitee en doen aan die hand dat die volgende byvoegings gemaak word:

1. In paragraaf 4.2.7(f) word die woorde „en groot distribusiestasies“ ingevoeg na die woord „Kernkragstasies“.
2. Ten opsigte van Fisiese Beplanning deur Provinsiale en Plaaslike Owerhede beveel die Raad aan dat in enige moontlike Wetgewing voorsiening daarvoor gemaak word dat waar hierdie owerhede versuim om die nodige beplanningsmasjinerie daar te stel en die nodige beplanning positief en daadkragtig deur te voer, die Sentrale Owerheid by magte moet wees om ook die beplanningsfunksies aan hulle toegesê uit te voer.

Collection Number: A1132

Collection Name: Patrick LEWIS Papers, 1949-1987

PUBLISHER:

Publisher: Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa

Location: Johannesburg

©2016

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of a collection, held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.